



# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: [nuusbrief@framesby.co.za](mailto:nuusbrief@framesby.co.za)

Uitgawe 63: 16 Oktober 2015

## MATRIEKS SE LAASTE DAG!

Toe breek die dag uiteindelik aan. Dié dag wat ons almal gedink het (of dink) die "ultimate" sou wees. Dié dag wanneer ons die stof van ons 12 jaar op die skoolbanke finaal afskud. En toe is dit eintlik glad nie so opwindend nie. Want die werklikheid skop in ..... die res van my lewe begin vandag!

En dis waar die afgelope 12 jaar inpas. In daardie vormingsjare waardeur elke jongmens moet worstel, en waar mense op elkeen se pad geplaas word om hom of haar te help vorm en lei om hopelik die mens te word wat die Here in gedagte gehad het. Wanneer ons terugkyk, besef ons dat niks ooit toevallig was nie. Dat alles waarmee ons gekonfronteer is, uitdagings, moeilike keuses, puberteit, akademie en soms net simple mense, alles deel is van 'n baie groter plan en dat die werklike uitdaging nou voorlê.

Die lewe is 'n lied. Dit word die LEWE genoem omdat ons dit moet LEEF. Mag jou skooljare, en veral die laaste vyf, jou altyd bybly, en mag jy put uit die ervaringe wat jy in hierdie tyd beleef het. Mag jy altyd weet dat jy spesiaal is en dat ons Hemelse Vader soveel goed vir jou in gedagte het. Leef elke dag so dat jy saans jou kop kan neerlê met die wete dat jy nie vandag teleurgestel het nie. Leef so dat jy jou ouers verstom met jou selfstandigheid, sin vir verantwoordelikheid en lewenslus, dat jy hul harte sal vul met dankbaarheid dat hulle so bevoorreg is om juis JOU ouers te wees. Leef so dat jy met trots kan verkondig waar jy vandaan kom, waaruit jy jou krag elke dag put, en dat almal om jou soos jy wil leef.

Framesby groet julle met GROOT verwagtinge. Ons roem ons nie in wat ons besit of bereik het nie. Nee, ons roem ons in die MENSE wat hiervandaan uitgaan en so gaan leef dat die wêreld beter daaraan toe is net omdat hulle nou daar is.

Baie sterkte met die eksamen en mag die toekoms só blink dat jy dit net met jou "shades" kan aanpak!

## 50 JAAR GELEDE (VIR DIE OOR GARDE)

Op hierdie naweek in 1965 was die Beatle-treffer **Yesterday** nommer 1 in Brittanje.

In dieselfde jaar het verskeie "groot" fliks verskyn, waarvan die twee hiernaas seker die grootste klassieke treffers van alle tye was. Dr. Zhivago, daardie hartseer Russiese liefdesverhaal, en die verhaal van die singende non en die Von Trapp-familie, *The Sound of Music*.



**BEGROTINGS-  
VERGADERING**  
19 NOVEMBER  
SKOOLSAAL  
19:00

### VERJAARDAE HIERDIE WEEK

#### Saterdag

Geen

#### Sondag

Monique Gerber 9F  
Keanan Hammond 10D  
Mecyla Hitge 9B  
Alyssa Moran 10G

#### Maandag

Donaldo Gericke 11F  
Juandré Jerling 11D  
Ulrich Koch 10B  
David Frederick Michael  
Smith 8B

#### Dinsdag

Chenique Enslin 10B  
Imke Rautenbach 9C  
Luané van Vuuren 10F

#### Woensdag

Chantelle Slinger 12A

#### Donderdag

Marco-Nathan Nel 10C  
Jana Scholtz 10C  
Marisa Smith 8A  
Suzaan van Zyl 10C

#### Vrydag

Waldo Kilian 10A  
Dylan Olivier 12C  
Brandin Palm 8A  
Riana Pretorius 12C  
Corné Terblanche 8E

# PRESTASIES, UITSLAE EN VET PRET!

## KOOLKOPPE VAT DIE PAD



Die laaste groep Frukkers wat 'n produksie (Koolkoppe) op die planke gebring het, het hul talent aan die Karoo en sy mense gaan wys.

Die groep van 12 akteurs het Dinsdag, 29 September, by Hoërskool Paul Sauer opgetree. Die middag het hul 'n voorskakie gekry van hoe dit voel om saam met koshuiseleerders te studeer. Vroeg die volgende oggend het hul weer in die pad geval om voor ongeveer 900 leerders op Willowmore op te tree. Die gehoor was gaande oor die groep en veral Christo Els se vertolking het hul verbeelding aangegryp. Hulle laaste vertoning was by Hoërskool Carel du Toit op Steytlerville.

Die verblyf op die plaas was voorwaar 'n hoogtepunt!

## TENNISPELERS KOOK TYDENS VAKANSIE!

Ons tennisspelers vaar tans uitstekend. Carli Van Onselen het die afgelope naweek aan die Oos-Kaap Mini 7 Tennistoernooi deelgeneem en die /14 Afdeling gewen, terwyl Wilanie van Zyl die vakansie aan die Boland Keyhealth Reeks deelgeneem het, wat tans die sterkste tennisreeks in Suid-Afrika is. Hier het sy die Vroue Ope gewen. In die semi-finaal het sy die eerste gekeurde, wat tans gereken word as een van die beste speelsters in die land, met 'n telling van 6-7, 6-3 en 6-4 uitgeskakel. Daarna in die Vrystaatse nommer 1 in die finaal met 6-2 en 6-1 geklop. Hierdie was Wilanie se beste prestasie na haar knie-operasie. Sy het verder presteer deur saam met haar maat van Brandwag die Gemengde Ope Dubbelspel ook te wen. Pragtig!

Na hul terugkeer van die Kaap het ons spelers die naweek in 'n stormsterk wind aan die OP Mini 7-toernooi deelgeneem. Wilanie het die Vroue Ope gewen, terwyl Carli het die onder 14 meisies gewen en Janré Viljoen die algehele wenner was by die onder 18 seuns. Dis voorwaar wonderlike prestasies vir Framesby!

## ATLETE BLINK BY DIE MOSSSELBAAI TOP 10

Tydens die vakansie het 41 Framesby-atlete aan die Top Tien-byeenkoms in Mosselbaai deelgeneem. Hoewel ons op 'n grasbaan deelgeneem het, was die kompetisie uit die boonste rake, en het daar altesaam 29 skole van regoor die land, selfs van Gauteng, aan die kompetisie deelgeneem. Van ons atlete moes kragte meet met 'n SA Kampioen in sy betrokke item.


Framesby het tog sy stempel op die kompetisie afgedruk. Vicky Oelofse het 'n nuwe rekord van 5:09,1 in die 1500m (O/15) opgestel terwyl Abigail Appelgryn 'n nuwe rekord van 1,56m in die hoogspring (O/15) opgestel het. Framesby het altesaam 7 medaljes verower:

Goud: Chané Petzer (1500m:O/17), Vicky Oelofse (1500m: O/15) en Abigail Appelgryn (Hoogspring:O/15)

Monray Potgieter (hamergooi: O/15) en Anneke Kapp (gewigstoot: O/17) het Silwer medaljes verower, terwyl Anneke Kapp (diskus O/17) en Alexander Palm (driesprong O/15) brons verower het.

Baie geluk aan al hierdie atlete.

Hulle werk ongelooflik hard en deelname aan sulke sterk kompetisies kan net bydra tot nog groter suksesse in die toekoms. Framesby is regtig ongelooflik trots op julle!



# EKSAMENTYD IS OP ONS!

## GRAAD 12 EKSAMENROOSTER

	09:00	14:00
Maandag 19 Oktober	CAT Prakties (3h)	
Dinsdag 20 Oktober	IT Prakties (3h)	
Maandag 26 Oktober	English P1 (2½ hrs)	Verbruikers (3 ure)
Dinsdag 27 Oktober	Rekeningkunde (3 ure)	
Woensdag 28 Oktober	Afrikaans V1 (2 ure)	
Donderdag 29 Oktober	Geografie V1 (3 ure)	Geografie V2 (1½ uur)
Vrydag 30 Oktober	Wisk/WG V1 (3 ure)	
Maandag 2 November	Wisk/WG V2 (3 ure)	
Dinsdag 3 November	CAT V2 (3 ure)	
Woensdag 4 November		IGO V1 (3 ure)
Donderdag 5 November	English P2 (2½ & 2 hrs)	
Vrydag 6 November	Fisiese Wet. V1 (3 ure)	
Maandag 9 November	Fisiese Wet. V2 (3 ure)	
Dinsdag 10 November		IGO V2 (3 ure)
Woensdag 11 November		
Donderdag 12 November	Besigheidstudie (3 ure)	
Vrydag 13 November	Lewenswet. V1 (2½ ure)	IT V2 (3 ure)
Maandag 16 November	Lewenswet. V2 (2½ ure)	
Dinsdag 17 November		
Woensdag 18 November	Afrikaans V2 (2½ ure)	
Donderdag 19 November		Afrikaans V3 (2½ ure)
Vrydag 20 November		Musiek V1 (3 ure)
Maandag 23 November		
Dinsdag 24 November		Toerisme (3 ure)
Woensdag 25 November	English P3 (3hrs)	
Donderdag 26 November		
Vrydag 27 November		Musiek V2 (1½ uur)

## GRAAD 12

Soos verlede week berig, bly daar nie veel onderrigtyd oor in hierdie kwartaal nie. Ons groet die matrieks vandag en Maandag en Dinsdag word die praktiese eksamens van Rekenaartoeëpassingstegnologie en Inligtingstegnologie afgehandel. Die volle groep begin amptelik op Maandag 26 Oktober.

## GRAAD 10 EN 11

Die Graad 11's skryf 'n Departementele eksamen en begin op Maandag 26 Oktober. Die Graad 10's het Dinsdag hul eksamenroosters ontvang en begin ook saam met die Graad 11's. Soos aangedui is daar op sommige dae 'n tweede skryfsessie en alle betrokke leerders moet 'n halfuur voor die tyd by die eksamenlokaal aanmeld. Die Wiskunde- en Fisiese Wetenskapvraestelle vir die Graad 10's is Nasionale vraestelle wat deur alle Graad 10's in die land geskryf word.

## GRAAD 8 EN 9

Die Graad 9's sal nie vanjaar 'n departementele eksamen skryf nie, en hulle sowel as die Graad 8's sal op Maandag 9 November met eksamen begin. Tot dan volg hulle elke dag die normale skoolrooster. Beide hierdie Graadgroepe moet nog heelwat werk afhandel, en die uiters noodsaaklik dat hulle elke dag by die skool sal wees.

## ALGEMENE REËLINGS

Normale skoolreëls sal geld tydens die eksamen, en daar sal veral gelet word op die leerders se voorkoms. Seuns wat ongeskeer kom eksamen skryf, of leerders waarvan die voorkoms onaanvaarbaar is, sal nie toegelaat word om te skryf nie. Hare en naels kan nie nou reeds gegroei word vir die vakansie nie!

Die eksamen vir die Graad 8 tot 11's sal duur tot Woensdag 25 November, tensy die Departement ander reëlings tref. Die finale roosters vir die junior leerders sal volgende week deurgegee word. Rapporte sal afgehaal kan word op Woensdag 9 Desember, wanneer die skole amptelik sluit.

Hierdie eksamen is in 'n groot mate bepalend vir die bevordering van alle leerders, en niemand mag die belangrikheid daarvan onderskat nie. Elkeen behoort dus NOU 'n studierooster te ontwerp om te verseker dat alle werk gedek en vasgelê kan word. By die senior grade vorm die eindeksamenpunt 75% van die finale bevorderingspunt, en by die junior grade 60%. Met die nodige toewyding kan elke leerder nog 'n GROOT verskil aan die finale uitkoms maak. VASBYT!

# ALGEMEEN EN SIELSKOS

## EWIGE LEWE IS GEBORGENHEID IN GOD

DIE Christelike kerk staan en val by die belydenis van die geloof in die ewige lewe, en dan spesifiek in die sin dat die lewe vir die individuele mens nie by die dood beëindig word nie, maar ná die dood op 'n ander wyse voortgesit word. Wie dit ontken, tas die Christelike geloof in sy hart aan. Natuurlik is dit vir moderne mense nie maklik om dit te glo nie. Die moderne lewensbesef word gedra deur die oortuiging dat ons niks behoort te glo wat nie wetenskaplik bewys of ten minste as hoogs waarskynlik beskou kan word nie. En omdat die terrein van die geestelike buite die grense van die meetbare en bewysbare lê, beteken dit vir baie mense eenvoudig dat hulle die skouers daarvoor optrek. Maar dit is dan net konsekwent dat sulke mense ook oor God die skouers optrek. Ook God kan immers nie langs die weg van die rasonale denke ontdek of geken word nie. 'n Mens glo nie in God omdat jy die bestaan van God kan bewys nie. Jy glo in God omdat jy innerlik daarvan oortuig geraak het dat Hy leef en dat sy liefde jou omvat. Wanneer die Woord van God ons werklik aanspreek, wek dit in ons 'n sekerheid wat nie op redenasies gegrond is nie, maar die karakter dra van 'n vertrouwe wat geheg is in die vastheid van Gods openbaring. Wie egter eenmaal in God glo, vind op talle maniere bevestiging daarvoor in die wêreld rondom hom en in sy eie ervaring, sodat dit vir hom volkome redelik is om in God te glo. Net so is die geloof in die lewe ná die dood ook nie die resultaat van ons verstandelike redenasies nie. Ons glo dit op grond van die belofte van die ewige lewe wat aan ons in die evangelie verkondig word. Ons glo dit omdat dit in die Bybel, en spesifiek in die Nuwe Testament, op 'n duidelike manier geleer word. Dit is daarby aangrypend dat Jesus self met sy eie gesag daarvoor instaan. Die Sadduseërs het ook nie geglo aan 'n persoonlike opstanding van die dode nie. Ons lees in Lk. 20:27-40 dat hulle Jesus daarvoor gekonfronteer het. Maar Jesus gebruik die geleentheid om die sekerheid van die ewige lewe duidelik te bevestig. Die aangrypende is dat Jesus dit doen deur die werklikheid van die lewe ná die dood direk aan die werklikheid van God self te verbind. Hy beroep Hom daarop dat die Ou Testament self leer dat God die God van Abraham, Isak en Jakob is. Daaruit trek Hy die konklusie dat God tog nie 'n God van dooies is nie, maar van lewendes. As God leef en Hy is die God van Abraham, dan leef ook Abraham nog. God self is dus die waarborg van die lewe ná die dood. Ons raak God nie kwyd deur die dood nie, omdat Hy leef en ons in sy gemeenskap vashou. As ons in die God van die Bybel glo, is dit absurd om nie in die lewe ná die dood te glo nie. Die ewige lewe is geborgenheid in God. Jesus se opstanding bevestig dit. Wie in Hom glo, sal lewe tot in ewigheid. (Uit *Die Burger* 1 Desember 1990)

## Baie trots op ons Oud- leerders!

Ons het in die verlede al verskeie kere berig oor Oud-leerders wat presteer, en dis werklik 'n pluimpie vir ons skool wanneer ons kennis neem van sulke prestasies.

Nadia Moore, ons top akademiese presteerder in 2011, is tans in haar vierde jaar aan die Universiteit van die Vrystaat, waar sy Medies studeer. Sy is elke jaar sedert haar eerstejaar aangewys as die top-student in haar kursus, en het vanjaar weer hierdie prestasie behaal.

Pragtig Nadia! Jou toewyding en sukses is 'n groot inspirasie. Ons is ongelooflik trots op jou!

Hieronder staan Nadia met 'n baba wat pas "gevang" is. Ons sien uit daarna om meer te hoor!

